**Die postulering van ’n nuwe vergestalting van laatwerk in “B.B. Lasarus” se poëtiese oeuvre**

Dr Anke Irene van der Merwe, Universiteit Stellenbosch.

Breyten Breytenbach (1939-2024) se poëtiese oeuvre strek oor meer as 60 jaar. Weens dié omvangryke oeuvre kan sy werk met betrekking tot die teoretiese raamwerk van laatwerk (Said, 2006) ondersoek word. In my PhD-navorsing is Breytenbach se volle Afrikaanse poëtiese oeuvre in vier tydperke verdeel en met mekaar vergelyk deur middel van korpuslinguistiek om vas te stel of tekens van laatwerk wél opgelet kan word, en indien wel, as watter soort laatwerk sy oeuvre getipeer kan word.

Die teoretisering rondom laatwerk postuleer dat die kreatiewe werk van kunstenaars verander soos wat hulle ouer word. *Laatwerk* (’n term afgelei uit Theodor W. Adorno se Duitse term vir werke in *Spätstil*) is die werk wat kunstenaars digby die einde van hulle lewe voortbring, en gaan gepaard met intense “intimations of mortality”, soos dié van Wolfgang Amadeus Mozart (1756–1791) in sy dertigerjare (Said 2006:xiii, in Van Vuuren 2011:463). Volgens Said (2006) is daar twee soorte laatwerk, maar daar is intussen nog twee soorte deur Suid-Afrikaanse navorsers (Van Vuuren, 2014 en Lourens, 2017) voorgestel.

Die fokus van my referaat lê by ’n voorgestelde vyfde soort laatwerk wat deur my geïdentifiseer is op grond van die ervaarde trauma in die tronktydperk waartydens Breytenbach se werk aansienlik van sy vroeë werk verskil. Daar word aan die hand gedoen dat ’n traumatiese gebeurtenis die verskyning van laatwerk by ’n kunstenaar versnel, sodat tekens daarvan vroeër as verwag by die kunstenaar opgelet word en dat ouderdom nie noodwendig die proses van laatwerk inlui nie.

**Bronnelys**

Lourens, A. 2017. Die toepassingsmoontlikhede van die teoretiese gesprek oor laatwerk: ’n ondersoek van die oeuvre van Pirow Bekker. *Stilet*, 29(2):73–94.

Said, E.W. 2006 [2007]. *On late style. Music and literature against the grain*. New York: Vintage Books.

Van der Merwe, A.I. 2025. ’n Diakroniese korpusondersoek na die voorkoms van laatwerk in die poëtiese oeuvre van Breyten Breytenbach. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Van Vuuren, H. 2011. ’n Almanak van klippe: laatwerk en Breyten Breytenbach se *Die beginsel van stof (laat-verse, sprinkaanskaduwees, aandtekeninge)*. *LitNet Akademies*, 8(3):462–86. https://www.litnet.co.za/assets/pdf/18_van%20Vuuren.pdf.

—. 2014. D.J. Opperman se laatwerk. *LitNet Akademies*, 11(2):688–714.

https://www.litnet.co.za/assets//pdf/joernaaluitgawe_11_2/11_2_Van_Vuuren.pdf.